Datum: 21 Maart 2024

Preekreeks: Eendag lank, lank gelede…

Tema: Die Saaier

"Die dissipels het toe nader gekom en vir Hom gevra: "Hoekom praat U deur gelykenisse met hulle?" Hy het hulle geantwoord: "Omdat dit aan julle gegee is om die geheimenisse van die koninkryk van die hemele te verstaan; maar vir daardie mense is dit nie gegee nie."

Matteus 13:10-11 (AFR20)

"…Hy het gesê: "Kyk, 'n saaier het uitgegaan om te saai. Tydens die saaiery het 'n deel van die saad langs die pad geval, en die voëls het gekom en dit opgepik. Ander saad, weer, het op rotsagtige plekke geval waar daar nie baie grond was nie, en dit het dadelik opgekom, omdat die grond nie diep was nie. Maar toe die son opkom, is dit verskroei; omdat dit nie wortel geskiet het nie, het dit verdroog. Ander saad weer het tussen die dorings geval, en die dorings het opgekom en dit verstik. En nog ander het op goeie grond geval, en dit het opbrengs gelewer – party honderd-, ander sestig- en ander dertigvoudig. Laat dié wat ore het, luister!"

Matteus 13:3b-9 (AFR20)

DIE SAAD IS GOD SE WOORDE

Jesus praat juis van drie vyande van God se woorde:

1. Die duiwel.
2. Moeilike tye.
3. Ander prioriteite.

- **Die duiwel**

"…die Bose kom en roof wat in sy hart gesaai is. Dit is die saad wat langs die pad gesaai is."

Matteus 13:19b (AFR20)

- **Moeilike tye**

"Die saad wat op die rotsagtige plekke gesaai is, is hy wat hierdie woord hoor en dit dadelik met vreugde ontvang. Maar omdat hy nie wortel geskiet het nie, hou hy net 'n rukkie; as verdrukking of vervolging vanweë die woord plaasvind, struikel hy dadelik."
Matteus 13:20-21 (AFR20)

- **Ander prioriteite**

"En die saad wat tussen die dorings gesaai is – dit is hy wat hierdie woord hoor, maar die bekommernis van hierdie wêreld en die verleiding van rykdom verstik die woord, en dit bly sonder vrug."
Matteus 13:22 (AFR20)

Ontvang die woord

"Die saad wat egter op die goeie grond gesaai is, dit is hy wat hierdie woord hoor en begryp. En hy dra vrug – die een honderd-, die ander sestig-, en die ander dertigvoudig."
Matteus 13:23 (AFR20).

1. Hoor
2. Aanneem (begryp)
3. Doen (vrug dra)

Wat wil Jesus met hierdie storie sê?

- My woorde is daar vir jou – hoor dit, neem dit;
- Wees versigtig – hierdie woorde het vyande wat die koninkryk by ons steel;
- Hierdie woorde moet gehoor, verwerk en gedoen word;
- Hierdie woorde kan ons impak soveel groter maak.